

6 Junie

Skrifgedeelte: Esegïel 47:13-48:35

Fokusgedeelte: Esegïel 48:30-25

God is altyd daar

Die stad Jerusalem het voortdurend in die boek aan die orde gekom. Aan die begin van die boek was die stad 'n voorwerp van oordeel. Die boek vertel ook van die val van die stad en die wegvoering van die inwoners in ballingskap. Die boek eindig ook met die stad Jerusalem, maar dan op 'n baie positiewe noot. Die stad het twaalf poorte, met die name van die twaalf stamme van Israel daarop. So word 'n brug geslaan tussen die verlede van die volk en hulle toekoms, tussen oordeel en genade. Die naam van die stad is iets heel besonders: "Die Here is daar". Dit is waarop die hele boek van Esegïel afstuur: na die tyd wanneer die Here altyd by sy volk sal wees. Daarom is dit nie verbasend dat die einde van die boek Openbaring in soveel opsigte by die einde van Esegïel aansluit nie. In Openbaring is daar egter nie meer 'n tempel nie, want die Here sal altyd by sy volk woon. Hulle sal nie meer 'n tempel nodig hê nie en sal elke dag kan drink van die water van die lewe. Hulle sal altyd in God se lig woon. So neem Esegïel ons van die tyd van die Ou Testament na die tyd van die wederkoms van die Here wanneer ons sal kan sê: Die Here het gekom, die Here is altyd daar.

Sing: Skrifberyming 50:1,3,7 Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)